


# Portraying message to stop vandalism

**This vandalised traffic sign on the pavement in front of the neglected historical Dunluce House in Lodge Street in Belgravia, Kimberley, is an ironic message to stop vandalism. Thoko Riet, spokesperson of the Sol Plaatje Municipality, said it was concerning that a person would destroy something that is there for a reason. The removal of a traffic sign can lead to serious accidents. "We need to look after our infrastructure as a community. and we urge residents to assist us by reporting these persons to the nearest law enforcement agency. Acts like this is a waste of resources and money that could have been used elsewhere," said Riet.** PHOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# 'n Oog op politiek raak leefstylkeuse

**Die nimmereindigende eetlus van die trogvreters – soos wat gemeenskapsleier Tumelo Mosikare in die voorbladberig beskryf – is genoeg om enigeen se bloeddruk op te jaag.**

Lees daarmee saam dit wat die voormalige hoof van Eskom, André de Ruyter, oor die kragvoorsieningsmaatskappy skryf – dat dit die grootste misdaadnetwerk in die land is en dat die maatskappy verrot en reddeloos is – en jou bloeddruklesing stoot nog hoër.

Terwyl jy 'n hoofpyn voel klop, lees jy oor die hoof van die Suid-Afrikaanse Leër se besoek aan Rusland; oor bewerings dat Suid-Afrika in Desember wapens en ammunisie aan Rusland verskaf het. ('n Oomblik lank wil-wil die hoofpyn wyk toe jy EFF-leier Julius Malema se opmerking lees dat die land nie die vermoë het om wapens aan Rusland te gee nie, tensy dit "knopkieries en spiese en al daardie soorte dinge is".)

Jy lees oor die regering se ingewikkelde raskwota wat uitgewerk is in verhouding met die demografie van die ekonomies aktiewe bevolking in elke provinsie. Dit is deel van die nuwe voorgestelde Wysigingswet op Gelyke Indiensneming.

Beswaarmakers hierteen sê dit impliseer dat maatskappye in sekere dele van die land verbied sal word om selfs 'n enkele bruin of Indiërwerknemer in 'n sekere pos aan te stel.

By hierdie berig het jy ophou lees, en terwyl jy met 'n nat lappie op die voorkop lê, onthou jy die nuus dat Woensdag (17/05) Wêreld-hoëbloeddrukdag is. Hierdie mediese toestand is die hoofoorsaak van hartaanvalle, hartsiektes en beroerte.

Allerlei raad word gegee om dit teë te werk of te beheer: kweek gesonde eetgewoontes, beperk die gebruik van versadigde vette en suikers, gebruik minder sout, drink minder alkohol, oefen meer, handhaaf 'n gesonde gewig, en hou op rook.

Dan ook: Kry gesonde maniere om stres te hanteer… dalk iets soos die beoefening van volstruispolitiek?

# Concert promises joy

On Saturday (20/05) ensembles of the Kimberley Academy of Music (KAM) are in concert with the Bloemfontein Children's Choir (BCC) in Kimberley.

The concert takes place in the St Cyprian's Cathedral, which has the longest nave of any church in South Africa. The KAM jazz band, saxophone and clarinet ensembles, Neapolitan Medley, Ad Libitum Chorale, the Kimberley Children's Choir and the junior band will also perform.

The concert commences at 19:00 at the cathedral in Du Toitspan Road, Kimberley.

Tickets at R100 per adult and R50 per primary school learner can be purchased at the door, or at Dial a Bake in the North Cape Mall.

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.



Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

Twyfelhoekie

# Wanneer lewe vooruit snel, hou kop

HANNES NOËTH

**Die dag toe ons die eerste keer gesels het, was sy totaal en al oorweldig.**

Die dagboek-lysie was net te lank.

Sy was absoluut paniekerig oor alles wat gedoen moet word in die tydjie wat daar is.

Sy het dit mooi beskryf: "Ek is twee dae agter met my lewe."

Dit was vir my kosbaar.

Sy het geweet wat sy alles moet doen, maar hoe en wanneer was vir haar 'n uitdaging.

Die afgelope tyd was daar net te veel onverwagse dinge wat dringender aandag gevra het, en die hantering van die dinge in haar lewe het agter geraak.

So erg dat sy, by wyse van spreke, twee dae agter gevoel het.

Vanuit die situasie waarin sy was, het dit net vir haar onmoontlik gelyk om ooit in te haal.

Ek en sy het toe so 'n bietjie gaan sit en dink; 'n bietjie beplanning gaan doen. Sy moes die agter wees op haar eie lewe inhaal. Daarom moes ons saam dink en praat daaroor.

Wanneer jy agter raak met jou lewe, onthou die volgende:

- Moenie oorweldig raak nie.
- Angs en benoudheid handel niks af nie.
- Begin met goeie beplanning.
- Doen wat jy kan en handel af wat jy kan.
- Prioritiseer.
- Aanvaar jy kan nie alles gelyk doen nie – jy kan ook nie meer doen as wat moontlik is nie.
- Deurdink, doen en handel af.
- Oppas vir vat en los; dit help niks.
- Bestuur jou program, moenie jou program toelaat om jou te bestuur nie.

Hou kop, beplan, werk – haal rustig in.

Potpourri

# G'n beter as beste

KARIN MULLER

**Goed. Beter. Beste.**

Daar bestaan nie kouer as yskoud nie.

Daar bestaan nie armer as brandarm nie.

Daar bestaan beslis nie beter as beste nie.

Jou beste is jou beste; beter as dit kan jy nie doen nie.

As jy in jou hart weet dat dit jou beste was, wat kan jy meer doen?

As jy jouself in die oë kan kyk en kan sê dat hierdie jou beste was, wat anders kon jy gedoen het?

Soms is dit nodig om weg te stap uit 'n verhouding.

'n Liefdesverhouding.

'n Werksverhouding.

'n Vriendskapsverhouding.

Nie omdat dit noodwendig sleg is nie. Dalk bloot omdat dit vir jou voel of jou beste nie goed genoeg is nie.

As 'n mens werk vir erkenning is die kans baie goed dat jy teleurgesteld gaan staan.

Iewers gaan iemand nie tevrede wees nie. Iewers gaan iemand meen dat jy nog beter moes doen. Hoër moes spring. Verder moes hardloop. Harder moes werk.

Party mense gaan deur die lewe wetende dat hulle nie hul beste lewer nie. Hulle is tevrede daarmee. Vreemd genoeg aanvaar die mense om hulle dit.

C.J. Langenhoven het gesê: "As jy iets gedoen wil hê, gee dit vir 'n besige man want die ander het nie tyd nie."

Hoe meer jy doen, hoe meer word daar van jou verwag. Let wel, dit is nie altyd 'n slegte ding nie.

Maar uiteindelik kan jy nie beter as jou beste gee nie.

Lewende water

# God is hier deur ons

DS. KOBUS VAN TONDER

**Kersfees verkondig: God met ons. Dit bring vreugde. Die kruisgebeure laat ons iets verstaan van God se liefde en genade en maak ons dankbaar.**

Uit sy opstanding weet ons lewe is sterker as die dood. Dit gee ons hoop, maar hoe help Hemelvaart met ons geloofslewe? Vir baie is Hemelvaart 'n teken van afskeid en mense wat agterbly. Ons identifiseer met dissipels wat half verwese na 'n leë hemel staar.

Matteus sluit sy evangelie in Matt. 28:20 af met Jesus se laaste woorde: *En onthou; ek is by julle al die dae tot en met die voleinding van die wêreld.*

In Matt. 1:23 word Jesus se geboorte aangekondig: *"…en hulle sal hom Immanuel noem."*

Dit beteken "God met ons". Wanneer Matteus sy evangelie afsluit, wil hy sê: Dit is nog steeds waar. Hy bly God met ons.

Op watter wyse is hy by ons teenwoordig as die een aan wie alle mag gegee is op hemel en op aarde (Matt. 28:18)?

In ons lyding en swaarkry kan ons weet hy is magtig teenwoordig. Dit is wonderlike woorde. Maar kan ons dit glo? Ons sien so min van God se almag.

Wat ons ervaar, is magsmisbruik en 'n stryd om mag. Hoekom? Waarskynlik omdat so min van die middeldeel van Matt. 28:18-20 tot sy reg kom.

Christus se mag en teenwoordigheid staan direk in verband met ons roeping as gestuurdes van die Here wat 'n duidelike opdrag ontvang: Maak dissipels, doop hulle, leer hulle.

Dit is die wyse waarop Christus sy heerskappy uitvoer. Deur sy gestuurdes is God teenwoordig in die wêreld.